**Die boosheid van die mens op aarde is groot (OP133)**

**Gen 6:1-8**

**11 Junie 2023**

Laasweek het ons begin om na die tweede toledot in die boek Genesis te kyk. Hierdie toledot handel oor die familiegeskiedenis van Adam. Laasweek het ons by die geslagsregister van Adam oor Set tot by Noag stilgestaan in Gen 5. Ons het gesien daar is twee realiteite wat na vore kom in hierdie geslagsregister: In die eerste plek is daar 'n fokus wat die oorvloed van lewe aandui – ons het van baie geslagte in die nageslag van Adam geleer, boonop was baie lang lewens tipies in elke geslag wat genoem is, en daar is ook telkens beskryf dat die betrokke geslag nog seuns en dogters gehad het – dus baie lewe binne elke geslag. Boonop was daar die moontlikheid van ewige lewe vir iemand soos Henog wat naby die Here geleef het. Maar, in die tweede plek, was daar ook 'n fokus op die realiteit dat hierdie lang lewens gekenmerk was deur 'n geswoeg wat op die ou end uitgeloop het op die fisiese dood (Henog was natuurlik 'n uitsondering). Die gevolg was dat iemand soos Lameg gesmag het na rus en troos – en wat daarom sy seun Noag genoem het. Ons het ook besin oor hoe ons die geslagsregisters in die Bybel verantwoordelik moet interpreteer. Ons het geleer dat die doel met die geslagsregister in Gen 5 is nie om die totale periode vanaf die skepping tot met Noag se geboorte te kan bepaal nie. Die doel is eerder om vir ons die verwantskappe tussen 'n voorsaat en sy nasate aan te dui – in die geval van Gen 5 spesifiek om vir ons te leer dat Noag afgestam het van Set, en dus van Adam, wat na die beeld van God geskape is. Die geslagsregister help ook om kontinuïteit te gee gedurende lang periodes waarin daar nie 'n gedetaileerde narratief is wat die gebeure gedurende daardie periode beskryf nie.

Vandag wil ek stilstaan by die tweede gedeelte van hierdie tweede toledot, dit is by Gen 6:1-8. Soos laasweek, moet ek weer vooraf waarsku dat hierdie gedeelte ook 'n moeilike en kontroversiële gedeelte is met verskillende opinies oor hoe ons dit moet verstaan. Dit is veral waar van verse 1-4. Maar, soos laasweek, glo ek die boodskap wat die Here aan ons wil kommunikeer is wel duidelik. Ek wil die gedeelte bespreek onder die volgende twee hoofpunte: (1) Die toename in boosheid van die mense (Gen 6:1-4), en (2) Die oordeel van die Here oor die boosheid van die mense (Gen 6:5-8).

<u>Die toename in boosheid van die mense (Gen 6:1-4)</u>

Lees Gen 6:1-4. Ons lees hier dat die periode wat hier beskryf word, begin het toe die mense meer begin word het oor die hele aarde. Dit is dus 'n beskrywing van die tyd wat begin het toe Adam en Eva kinders gehad het, en dit strek tot die tyd met Noag (vers 8). Ons lees hier van hemelwesens wat van die dogters van die mens as vroue geneem het en kinders by hulle verwek het. Dit het boonop saamgeval met die reuse wat op die aarde was, en hulle en/of hulle kinders, was die sogenaamde helde van die ou tyd, oftewel die beroemde manne. Dit is sekerlik onnodig om te sê hierdie verse het al baie debat en spekulasies tot gevolg gehad. Die punte wat gedebateer word, is: Wie is die hemelwesens? Wie is die dogters van die mense? Wie is die reuse? Kan ek vooraf die volgende uitwys: In die 2020 DAV wat ek gelees het, word in vers 2 gepraat van die "hemelwesens" – maar letterlik staan daar "die seuns van God" – dit is hoe die OAV, NIV en ESV dit vertaal. Ons lees ook in vers 4 in die 2020 DAV van die "reuse" – letterlik staan daar "Nefilim" – dit is hoe die ESV dit vertaal. Dit dra verder by tot die moeilike verstaan van die verse. In my bespreking van hierdie verse maak ek ruim gebruik van wat Waltke hieroor geskryf het, en ook van wat Michael Jones hieroor geleer het.

Die moeilikste vraag om te antwoord, is: wie is die seuns van God? Soos wat ons die verskillende moontlikhede oorweeg, sal ons ook besin oor wie die dogters van die mense is, en ook wie die reuse is. So kom ons kyk na drie verskillende voorstelle wat al gemaak is oor wie "die seuns van God" is:

Interpretasie 1: Daar is vir lank geredeneer dat die "seuns van God" verwys na die nageslag van Set – soos wat ons van hulle geleer het in die geslagsregister van Gen 5. Dit verwys dus na mans uit Set se nageslag. Volgens hierdie interpretasie word daar verder geredeneer die "dogters van die mense" verwys na vrouens uit die nageslag van Kain van wie ons in Gen 4 geleer het. Siende dat hierdie twee nageslagte onderskeidelik die nageslagte van die vrou en die duiwel verteenwoordig, beteken dit dat die probleem wat hier beskryf word, is dat mans uit die nageslag van Set, dus die vrou, vrouens geneem het uit die nageslag van Kain, dus die duiwel. Boonop het hulle vrouens geneem wie hulle ookal verkies het – ons het dus boonop hier sprake van poligamie. Uit hierdie huwelikke is daar kinders gebore – hulle is die reuse van vers 4, of hulle het in die tyd van die reuse geleef. Dit lyk vir my die meeste aanvaar dat die kinders die reuse was. Boonop sê vers 4 hulle was die helde uit die ou tyd, oftewel die beroemde manne. Die argument is dan dat sulke poligamiese huwelikke tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel, 'n gruwel voor die Here was, en daarom deur die Here veroordeel is. Hierdie interpretasie was vir baie eeue lank die mees algemeen aanvaarde interpretasie vir die verstaan van hierdie verse. Persone soos Luther en Calvyn het hierdie verse so geïnterpreteer.

Daar is egter verskeie vrae rondom hierdie interpretasie, soos die volgende:

- Vers 1 verwys na "toe die mense meer begin word het" – die "mense" waarvan hier gepraat word, is sekerlik alle mense – die nageslag van die vrou en die duiwel. Maar, volgens hierdie interpretasie, is die "dogters van die mense" in vers 2 die dogters van Kain. "Mense" is dus nou beperk tot Kain se nageslag. Vers 1 se "mense" verwys dus na alle mense, terwyl vers 2 se "mense" net na Kain se nageslag verwys. Hoe moes die leser hierdie skuif kon raaksien?
- Boonop, as "die dogters van die mense" na vrouens uit die nageslag van Kain verwys, hoekom is daar bykans geen sprake van dogters in Kain se nageslag in Gen 4 nie? Net Naäma word genoem in Gen 4:22. Daarteenoor, in die nageslag van Set in Gen 5 word daar in elke geslag melding gemaak van dogters. Mens sou verwag het dat Gen 6 se "dogters van die mense" eerder na die dogters in Gen 5 verwys.
- Gen 6 gebeur ook lank voor Moses riglyne sou gee dat huwelikke beperk moes wees tot mans en vrouens binne die volk. Tot dus ver was daar geen aanduiding dat die nageslag van Set nie mog trou met die nageslag van Kain nie.

Hierdie besware het aanleiding gegee daartoe dat hierdie interpretasie nie meer so gewild is nie. Ek persoonlik is ook nie oortuig dit is hoe ons die verse moet verstaan nie.

Interpretasie 2: Die mees gewilde interpretasie deesdae is dat die "seuns van God" verwys na engele. Dit is hoekom verskeie vertalings dit vertaal met "hemelwesens". Volgens hierdie interpretasie beteken dit dus dat engele gesmag het na seksuele verhoudings, dat hulle gesien het die dogters van die mens, d.w.s. die mensevrouens, is mooi, en dat hulle na willekeur met van hulle, selfs met verskeie van hulle, getrou het, en 'n nageslag verwek het. Hierdie nageslag is dan die reuse van vers 4, oftewel die helde van die ou tyd, oftewel die beroemde manne. Hierdie interpretasie is veral deur Michael Heiser gepropageer.

Hierdie interpretasie is nie sommer net uit die lug gegryp nie. Van die argumente wat aangevoer word ter ondersteuning van hierdie interpretasie, is:

- Die term "seuns van God" verwys elders in die Ou Testament inderdaad na hemelwesens of engele. Voorbeelde hiervan is Job 1:6: "Toe, op 'n dag, het die hemelwesens (letterlik: seuns van God) gekom om by die Here hulle plekke in te neem. Die satan het ook saam met hulle gekom". En ook Dan 3:25: "Kyk! Ek sien vier manne los rondstap binne-in die vuuroond, en

daar is geen letsel aan hulle nie; en die vierde se voorkoms is soos die van 'n godeseun". Omdat hierdie verse duidelik na engele verwys, word daar geredeneer die "seuns van God" in Gen 6 moet ook na engele verwys. Let egter ook daarop dat daar ander gevalle in die Ou Testament is waar die term "kinders van God" na mense, na die volk van God verwys, en nie na engele nie, bv Deut 14:1: "Julle is kinders van die Here julle God. Julle mag nie julleself stukkend sny of 'n kaal plek op julle voorkoppe maak ter wille van 'n afgestorwene nie". Ander gevalle is Hos 1:10 of Jes 2:1.

- Nog 'n argument ten gunste van die interpretasie dat dit na engele verwys, is dat gedeeltes soos Judas:6 verwys na Gen 6: "en dat Hy die engele wat hulle nie aan hulle magsgebied gehou het nie, maar hulle woonplek verlaat het, met ewige boeie in die duisternis in bewaring hou, vir die oordeel van die groot dag". Daar word geredeneer dat die geleentheid toe die engele hulle woonplek verlaat het, die gebeure is wat in Gen 6 beskryf is toe hulle met vrouens getrou en kinders by hulle verwek het. Dieselfde argument word gemaak rakende 2 Pet 2:4: "Trouens, as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle oorgelewer het, deur hulle met boeie in die digte duisternis van Tartarus te werp, en hulle so tot die oordeel gevange te hou...". Dit is egter ook so, dat die verwysing na Tartarus, wys dat Petrus, en waarskynlik ook Judas, eerder na die apokriewe boek Enog verwys, as na Gen 6.
- Onthou verder, dat Jesus self in Mat 22:30 geleer het dat engele nie trou nie.

Die grootste bekommernis met die interpretasie dat die "seuns van God" na engele verwys, is egter die volgende: In Gen 6:3 lees ons dat die Here oordeel oor hierdie verkeerde optrede van die "seuns van God". Die Here sê: "My gees sal nie vir altyd in die <u>mens</u> bly nie, omdat hy ook vlees is". Duidelik is die oordeel van die Here gemik op die mens. Ons sal sien dat die oordeel van die Here uitloop op die sondvloed – weereens is die oordeel daar gemik op die mens – en nie op die engele nie. Die Here se oordeel pas tog by die oortreding – daarom sal die Here nie die mens oordeel as dit engele is wat oortree het nie. Vergelyk wat hier gebeur met die sondeval in Gen 3: Daar was 'n engel betrokke: die gevalle engel die duiwel. Maar toe die Here in Gen 3 geoordeel het, het Sy oordeel begin by die duiwel, die gevalle engel. As dit engele was wat verkeerd gehandel het in Gen 6, sou God se oordeel ook oordeel oor die engele ingesluit het – terwyl daar geen sprake van is in Gen 6 nie.

Boonop bevestig vers 4 dat die kinders wat verwek is, die helde van die ou tyd, oftewel die beroemde manne, was – die kinders was dus mense. Mensekinders word tog deur mense verwek – dit is tog die beginsel wat in die skepping ingeskape is. Ek is dus glad nie oortuig van hierdie tweede interpretasie dat die "seuns van God" na engele verwys nie.

<u>Interpretasie 3:</u> Die opsie wat vir my persoonlik die meeste sin maak is die volgende: Die "seuns van God" verwys na mense, en meer spesifiek na konings in die antieke wêreld. Die rede hoekom daar geredeneer word dat dit na konings verwys, is omdat daar dikwels in die antieke tyd na 'n koning verwys is as die seun van 'n god. In hierdie geval moet ons dan verstaan dat dit na konings verwys wat deur God self aangewys is. Immers is God die Een wat regerings aanstel. Volgens hierdie interpretasie beteken dit dus dat konings hulle posisies misbruik het en hulle vergryp het aan mooi vrouens uit die nageslag van die mens wat besig was om te groei. Hulle het hulle boonop skuldig gemaak aan poligamie, want ons lees in vers 2 hulle het watter vrou hulle ook al verkies het, vir hulle as vrouens geneem. Ons sien 'n voorbeeld hiervan later in Gen 12 toe Abram vir Sarai gesê het sy moet voorgee dat sy Abram se suster is – juis omdat sy mooi was, en Abram bekommerd was dat die Egiptenare hom sal doodmaak oor Sarai. En dit was ook voorwaar wat gebeur het – die farao wou haar as sy vrou neem. Die redenasie is dat iets soortgelyks hier in Gen 6 gebeur het op 'n groot skaal – dit was die aanvaarde ding vir konings om te doen. Dit is ook hoekom vers 4 na hierdie konings

en/of hulle nageslag verwys as die helde van die ou tyd, die beroemde manne – immers was hulle konings. Dit verklaar ook hoekom die oordeel van die Here in beide vers 3 en in verse 5-7 gemik is op mense, want dit is mense wat hulle vergryp het en wat die oordeel van die Here kan verwag.

Jones lig die volgende uit: Hy sê ons moet onthou wat in Gen 3:6 staan: "Die vrou sien toe dat die boom goed was om van te eet...... Sy het van die vrugte daarvan geneem, dit geëet....". Eva het gesien, die vrugte was goed, en geneem. Vergelyk dit met Gen 6:2: "het die seuns van God gesien dat die dogters van die mense mooi was. Hulle het toe vir hulle vroue geneem". Die seuns van God, die konings, het soos Eva gesien, die dogters was mooi, en geneem. Gen 3:6 is 'n beskrywing van Eva se sonde, nie die duiwel se sonde nie. Gen 6:2 gebruik dieselfde manier om die seuns van God se sonde te beskryf – wat ons verder laat dink die seuns van God moet eerder mense wees as engele.

Dit is ook nuttig om te let op hoeveel klem in Gen 6-8 geplaas word juis op die feit dat Noag, die regverdige, net een vrou gehad het: lees Gen 6:18, 7:7, 7:13b, 8:16 en 8:18. Dink ook oor wat verder in Genesis gebeur: Abraham verwek 'n kind by Hagar – en dink aan al die drama wat dit veroorsaak tussen Sara en Hagar en tussen Isak en Ismael. Dink aan Jakob wat twee vrouens en twee byvrouens gehad het, en al die drama en spanning wat dit veroorsaak het. Die breër konteks laat ons ook dink dat die fokus hier in Gen 6 eerder op mense moet wees wat hulle vergryp het aan poligamie. Genesis verwys weer na engele wat hulle skuldig gemaak het aan poligamie nie.

Onthou wat was twee fokuspunte in die skeppingsverbond en die verbond met Adam na die sondeval: Die mens moet vermeerder deur die onderhouding van die huwelik tussen 'n man en sy vrou, en die mens moet heers. Kom ons kyk hoe tree die mens op in die eerste paar hoofstukke van Genesis: In Gen 3 wil Eva soos God wees – sy is trots en wil heers soos God. Adam is treurig en vervul nie sy rol in sy huwelik as man nie. In Gen 4 sien ons Kain se trots – as sy offer nie aanvaar word nie, neem hy reg in eie hande en maak Abel dood. Hy is gesteld op sy trots en wil regeer soos hy wil. As die Here hom oordeel, is hy net besorgd oor homself en vra 'n ligter straf. Later in Gen 4 lees ons hy bou 'n stad – en noem dit na sy seun – hy is trots en wil vir hom self naam maak. Teen die einde van Gen 4 lees ons van Lameg – vol bravade en trots sal hy 77 keer wraak neem. Nog meer trots en ywer vir sy eie naam. Boonop maak hy hom skuldig aan bigamie – hy het twee vrouens geneem. In Gen 6 lees ons nou dat die konings hulle nou nie net meer aan bigamie skuldig maak nie – nee, nou is dit poligamie – hulle neem watter vrou hulle ookal verkies. Boonop is hulle steeds trots gesteld op hulle eie naam – hulle is immers die helde van die ou tyd, hulle die beroemde manne! Sien jy hoe neem die sonde toe: die Here se voorskrif van monogame huwelikke word eers vervang met bigamie, en later met poligamie. Kain se trots was gefokus op homself – solank hy net nie doodgemaak word nie. Lameg se trots was gefokus op sy familie as hy voor sy vrouens spog oor sy beloftes van vergelding. Hier in Gen 6 het dit nou gevorder tot by die konings wat vir hulle naam wil maak voor die gemeenskap. Alles is verwronge maniere van heers en verwronge maniere om te vermeerder – so anders as wat die Here wou hê hulle moes optree.

Dit bring ons by Gen 6:3, waar ons die onmiddelike oordeel van die Here lees: "Die Here het toe gesê: 'My gees sal nie vir altyd in die mens bly nie, omdat hy ook vlees is. Sy lewensdae sal 120 jaar wees'". Die bevinding van die Here is dat die mens vlees is – d.w.s dat die mens sondig is, ongehoorsaam is, immoreel is. En daarom sê die Here dat Sy gees nie vir altyd in die mens sal bly nie – onthou met die skepping van die mens het die Here asem in die mens geblaas en so het hy begin lewe. Die Here sê hier Hy gaan daardie lewensasem terugtrek van die mensdom – dit sal effektief die einde van die mensdom beteken. Maar daar is ook genade: "Die mens se lewensdae sal 120 jaar wees". Ons kan hierdie stelling op twee maniere verstaan: Enersyds kan dit beteken dat die mens se tipiese lewenslengte voortaan beperk sal wees tot 120 jaar in teenstelling met die lang lewens waarvan ons in Gen 5 gelees het. Andersyds kan dit ook beteken dat die Here nog vir die mensdom

genadetyd van 120 jaar sal gee, voor Hy Sy gees gaan terugtrek en dus die mensdom uitwis. Die meeste kommentatore is dit eens dat laasgenoemde die manier is waarop ons dit moet verstaan. Ons sal nou sien uit verse 5-8 dat hierdie interpretasie beter by die konteks pas.

<u>Oordeel van die Here oor die boosheid van die mense (Gen 6:5-8)</u>

Lees Gen 6:5-8. Die tweede toledot sluit af met hierdie verse. In verse 5-7 lees ons van die oordeel van die Here, terwyl vers 8 vir ons vertel van die genade van die Here te midde van Sy oordeel.

Vers 5 sê die Here het gesien dat die boosheid van die mens op die aarde groot is. Let op: die Here is betrokke in Sy skepping, Hy weet wat hier aan die gebeur is. Ons het sopas gesien hoedat die boosheid op die aarde toegeneem het vanaf Adam en Eva, toe Kain, toe Lameg, en sopas in Gen 6 die seuns van God. Maar die Here sien nie net die trots en eiewaan van die mens nie, Hy sien nie net die vergryp van die mens in terme van hulle huwelikke nie – nee, die Here kyk dieper: Hy kyk na die mens se hart, die OAV sê die Here kyk na die versinsels van die mens se hart. Die 2020 DAV het 'n voetnota hier wat sê: Die Here kyk na elke neiging van die gedagtes van die mens se hart! Die Here is nie net besorgd oor wat die mens doen nie – maar ook oor wat in die mens se hart aan die gang is wat die mens dring om op te tree soos wat hy optree. En die slotsom van die Here na Hy vir 'n lang periode van ten minste 'n 1000 jaar, miskien heelwat langer, na die mens se hart gekyk het, is: alles wat die mens bedink is altyd net sleg. Hoor mooi wat die Here se slotsom is: Dit is nie net dat die mens bedink wat <u>sleg</u> is nie, die mens dink <u>altyd</u> wat sleg is. Dit is selfs nog erger: die mens bedink altyd <u>net</u> wat sleg is. Dit is absoluut verdoemend vir die mensdom, dit moet 'n laagtepunt in die geskiedenis van die mensdom wees – ja, ons het gesien hoedat dinge agteruitgaan. Maar nou oordeel die Here die mens dink <u>altyd</u> <u>net</u> wat <u>sleg</u> is – so anders as die Here se doel met die mensdom: dat hulle moet vermeerder en die aarde vul en heers oor Sy skepping en in alles Hom moet verheerlik. Nou dink hulle altyd net wat sleg is!

Natuurlik was die Here al teleurgesteld net na die sondeval in Gen 3. Hy was so teleurgesteld dat Hy toe al die werksverbond wat Hy met Adam en Eva opgestel het, verander het na 'n genadeverbond want Hy het gesien die mens gaan nie aan Sy verwagtinge voldoen nie. Hy het selfs vir die mens die belofte gegee van die Een uit Eva se nageslag wat sou kom, Hy het selfs vir Adam en Eva velklere gegee en dit vir hulle aangetrek. Maar dit help niks! Selfs die nageslag van Set het die punt bereik dat hulle altyd net beding wat sleg is. Ons kan verstaan hoekom vers 6 sê die Here was jammer dat Hy die mens gemaak het, selfs dat dit Hom tot in Sy hart gegrief het.

Die besluit van die Here was om die mensdom van die aarde af uit te wis (vers 7). Die mensdom wat deur die Here geskep is, gaan uitgewis word. Boonop nie net die mensdom nie – ook die diere, die kruipende diere en die voëls. Groot dele van die skepping gaan ook geraak word deur hierdie oordeel van die Here. Ons weet dat die grond vervloek is a.g.v. die sonde van die mens – hier sien ons weereens dat die skepping gaan ly a.g.v. die sonde van die mens. Ons lees dat die Here jammer was dat Hy die mens gemaak het.

Natuurlik skep dit 'n klomp vrae: Het die boosheid van die mens die Here onverhoeds betrap? Het die Here nie geweet dat die mensdom so agteruit sou gaan nie? Hoekom het die Here die mense nie beter gemaak nie? Is die Here dan nie soewerein nie? Bestuur Hy dan nie die wêreldgeskiedenis nie? En so kan ons aangaan.

Natuurlik het die Here geweet dit gaan gebeur! Trouens, ons kan selfs sê dat die Here dit juis laat gebeur het! Jy sien, dit was glad nie vir die Here 'n verrassing nie. Dit was nie die Here wat iets uit hierdie gebeure moes leer nie. Hierdie is nie openbaringsgeskiedenis om iets aan die Here te leer nie. Hierdie is openbaringsgeskiedenis onder die Here se beheer sodat ons as mense iets moet leer.

Die party wat moet leer is die mens! Wat is dit wat die mens moet leer? Hy moet leer van homself, en hy moet leer van God.

Die mens moet leer hoe gebrekkig sy eie vermoëns is. Die mens moet leer wat in sy hart aan die gang is. Die mens moet leer dat hy totaal en al misluk het. Onthou wat die doel met die mens was: Hy moet vermeerder en die aarde vul. Hy moet heers oor die skepping, hy moet hom beywer om die aarde te onderwerp en die tuin te bewerk en te bewaak. Maar wat het die mens vermag? Hy is in Gen 3 al uit die tuin gejaag. En sedertdien gaan dit nie beter nie. Ja, hulle vermeerder – maar in die proses is hulle besig om hulle te vergryp aan die heerlike instelling van die Here van monogame huwelikke. Eers is dit die nageslag van Kain wat hulle vergryp en Lameg wat vir hom twee vrouens neem, maar later is dit selfs die konings uit die nageslag van Set wat vir hulle vrouens vat na willekeur! O ja, die mens wil heers – maar as Kain nie erkenning kry wat hy wou hê nie, vermoor hy sy broer. In plaas van om op die Here te vertrou, vertrou hy eerder op sy eie stad met sy seun se naam om hom te beskerm. O, en dan is daar sy nasaat Lameg! Hy laat hom niks vertel deur enigiemand nie – hy sal regeer soos hy wil, hy sal links en regs doodmaak soos hy wil. En boonop spog hy hieroor voor sy vrouens. Soos wat die jare aanstap koop selfs die konings uit die nageslag van Set hierby in. Hulle wil tog net naam maak, hulle wil tog net helde wees, beroemde manne! Die laaste keer wat ons gelees het van aanroeping van die Here was Enos die seun van Set. Dit is g'n wonder dat Lameg uit Set se nageslag eeue later smag na troos nie. Die punt wat die mens moet leer is dat as hulle genoeg tyd gegee word sal hulle die punt bereik dat hulle altyd net bedink wat sleg is! En nou spel die Here dit vir hulle uit.

Daar is nog 'n punt wat die mensdom moet leer: duidelik slaan hulle nie ag op die beloftes van die Here nie. Ja, die Here het vir hulle begin wys hoe belangrik dit vir Hom is dat hulle wel Sy skeppingsopdragte sal uitvoer deurdat Hy Een uit die nageslag van die vrou sal stuur om dit te bewerk. Maar dit gaan by die mensdom verby. Hulle ignoreer dit. Met verloop van tyd vergeet hulle dit. Solank hulle hulle seksuele begeertes en begeertes na mag en roem kan bevredig, is hulle tevrede.

Die mens moet egter ook leer: dit stel die Here teleur, dit grief Hom selfs. Die Here wys vir ons Sy hart. Weereens, die Here wys vir ons sy hart, sodat ons daaruit moet leer. En wat die mens moet leer, is hoe ernstig die saak vir die Here is. Al het Hy die mensdom geskep, moet hulle gehoorsaam wees aan Sy opdragte. Indien nie, sal Hy oordeel. En Hy gaan nie net oordeel oor hulle dade nie, maar ook oor hulle harte en hulle gedagtes. En Hy sal nie huiwer om selfs die ganse mensdom uit te wis nie. Hy het hulle met 'n doel geskep, en as hulle nie aan die doel voldoen nie, sal Hy hulle uitwis. Die mens moet dit weet. Die mens moet weet hoe benard sy situasie is: Meer as 1000 jaar se geskiedenis het dit nou duidelik gemaak hoe ver die mens tekortskiet aan die Here se verwagtinge, en nou gaan die Here wys hoe ernstig Sy oordeel is – die Here is selfs bereid om die ganse mensdom uit te wis!

Geliefdes, ons kan dink: dit was werklik erg wat destyds voor die sondvloed gebeur het, en dit is geen wonder dat die Here so opgetree het nie. Onthou egter wat ons in Luk 17:26-27 lees: "Net soos wat in die dae van Noag gebeur het, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die Mens. Hulle het geëet, gedrink, in die huwelik getree en in die huwelik uitgegee, tot op die dag dat Noag die ark binnegegaan het en die vloed gekom en almal vernietig het". Of dink aan 2 Tim 3:1-4: "Dit moet jy weet: In die laaste dae gaan daar moeilike tye kom; want die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig, aanmatigend, godslasterlik, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, goddeloos, ongevoelig, genadeloos, beledigend, sonder selfbeheersing, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, hooghartig, lief vir plesier eerder as vir God". Klink dit nie dieselfde as Kain, Lameg en die seuns van God nie? Klink dit nie dieselfde as ons tyd nie?

In Genesis lees ons dat dit ‘n lang periode was voordat die Here die punt bereik het om die mensdom uit te wis. Netso duur dit nou al lank dat hierdie beskrywing ‘n akkurate beskrywing is van die mensdom. Wat ons moet leer uit Gen 6 is dat die lang periode ons nie moet verlei om te dink die Here sal nie oordeel nie. Die oordeel van die Here in Gen 6 is daar vir ons om uit te leer. Soos wat die Here daar geleer het die dag kom dat hy die mensdom gaan uitwis, so moet ons leer en weet die dag van finale afrekening kom ook vir ons. Op 20:9 sê nadat die 1000 verstryk het, kan ons die volgende verwag: “Hulle (die goddelose mense) het van oor die breedte van die aarde opgeruk, en die laer van die heiliges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur vanuit die hemel neergedaal en hulle verteer.”

Maar die tweede toledot sluit af met vers 8: “Maar Noag het guns gevind in die oë van die Here”. Die OAV sê: “Maar Noag het genade gevind in die oë van die Here”. Die absoluut kritiese punt wat ons as mense moet leer, is: ons is totaal en al afhanklik van die genade van die Here. As Hy ons nie genade skenk nie, sal Hy ons uitwis. Natuurlik weet die Here dit ook. Maar Hy wil hê ons moet dit leer. Dit is voorwaar ons enigste hoop om nie ook in Sy oordeel uitgewis te word nie.

Die vraag is: “Sal die Seun van die Mens, wanneer Hy kom, geloof op die aarde vind?” (Luk 18:8)